

Woensdag 25 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38

Fokusgedeelte: Lukas 1:35

Die geboorte van ons Here Jesus Christus word deur die Heilige Gees bewerk

Daar is soveel mense wat nie werklik besef hoe die Gees in die lewe van die kinders van God werk nie. En tog, deur die hele Bybel word die werk van die Gees vir ons baie duidelik uiteengesit, selfs hier, meer as 30 jaar voor die uitstorting van die Heilige Gees. Hy is God en sy werk is duidelik, beslis hier waar dit pertinent genoem word. Maria word deur die engel Gabriël besoek en is verbysterd dat die engel haar sou besoek. Die engel se boodskap bestaan uit hoofsaaklik drie gedagtes: Sy sal 'n Seun hê; Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste; sy Koningskap sal nie eindig nie.

Maria is verras, en daarom vra sy hoe dit moontlik is. Dan antwoord die engel dat die Heilige Gees oor haar sal kom en dat die krag van die Allerhoogste die lewe in haar sal wek. Die kind wat gebore word, sal niemand anders wees nie as Jesus Christus, die Seun van God. Wanneer die Gees in die lewe van God se kinders werk, dan is dit altyd met krag, ongeag hoe klein dit mag wees. Hier sien ons een van die groot wonderwerke in die geskiedenis van die wêreld waar die geboorte van Christus aangekondig word en dan gebeur dit dat Maria aan die Messias geboorte skenk.

Meer as 30 jaar later gebeur die volgende groot wonderwerk as Christus uit die dood opgewek word, deur een en dieselfde Gees. Dis dieselfde Gees wat in ons harte werk, met krag sodat ons kan glo, die Here kan dien, en ons vertroos wanneer ons swaar trek in die lewe. Jy is nooit alleen in hierdie wêreld nie, want die Gees van God staan jou elke dag by.

Sing: Psalm 145:10 (1936)

Ds. Neville Boy (Thabazimbi)